**Mat 6:5-15** **Die Modelgebed!** **Maandag 10 Aug 2020**

Om die reeks oor die gebed mee af te sluit gaan ons die volgende paar dae kyk na die "Onse Vader!" Lees eers Mat 6:5-15. Jesus gee aan ons **vier instruksies** om ons te lei in ons gebede.

- Elkeen moet privaat op sy eie bid voordat jy in die openbaar bid. v6
- Ons moet opreg bid. v7-8
- Ons moet bid soos wat Jesus Christus ons leer. v9-13
- Ons moet bid met 'n gesindheid van vergrifnis. v14-15

**Elkeen moet privaat op sy eie bid voordat jy in die openbaar bid. v6**

Dit is belangrik dat ons hierdie deel van ons geloof, naamlik jou privaatgebede in jou binnekamer nooit agterweë mag laat nie. Dit is hier waar jy eerlik, reguit, opreg met 'n oop gemoed met God kan praat soos Daniël (Dan 6:11) drie keer 'n dag gebid het. Dit is net jy en God en 'n oop gemoed voor God. Dit is ook hier waar jy jou gebede in opregtheid bid en ook so oefen om dan ook in die openbaar te kan bid. Jesus Christus het in privaatheid gaan bid, **Mark 1:35** "Die môre vroeg, toe dit nog nag was, het Hy opgestaan en buitentoe gegaan na 'n eensame plek en daar gebid." Elisa het ook in privaatheid gebid. 2 Kon 4:33.

**Ons moet opreg bid. v7-8**

Gebed moet opreg wees. Dit maak nie saak of jy aanhoudend vir dieselfde saak bid nie, solank dit opreg en eerlik en weldeurdag en in diepe afhanklik van God gevra word. Dit moet nie net 'n geneul wees of 'n herhaling van woorde, waar ons nie eers mooi dink waarvoor ons bid nie. Dit is soos die Baälprofete in **1 Kon 18:26** gebid het van die môre tot die aand toe. Ja Baäl is 'n afgod, en dit is sinloos om tot 'n dooie afgod te bid. Maar ons moet bid uit blote pligpleging nie, maar ons moet eerlik opreg bid tot Ons Vader in die hemele.

**Ons moet bid soos wat Jesus Christus ons leer. v9-13**

Jesus Christus het aan sy dissipels en aan ons geleer hoe 'n opregte gebed moet wees. Die bedoeling was nie dat ons die Onse Vader, elke dag, bloot herhalend, sonder om te dink, moet opsê nie. Ja dit is baie goed as jy die Onse Vader elke dag opreg en eerlik, **OOK** bid, saam met jou privaatgebede, maar dit is nie die bedoeling nie. Jesus het nie hierdie gebed gegee, sodat ons dit noodwendig uit ons kop moet leer en 'n vooropgestelde hoeveelheid keer moet repiteer of herhaal as ons bid nie. Inteendeel Hy het hierdie gebed aan ons gegee sodat ons juis nie in ons gebede ydelike herhalings van woorde gebruik en nie opreg en eerlik moet bid nie.

**Luister mooi wat sê Jesus in Mat 6:9a** "So moet julle bid:…" Ons kan dit so verduidelik, "Gebruik hierdie gebed as 'n voorbeeld van hoe julle gebede moet wees." Ja natuurlik bid ons almal baie keer die Onse Vader en dit is reg en goed en eerlik en Godsvererend, maar dit is nie al hoe ons moet bid. nie.

"Die **Onse Vader** kan in verskeie opsigte die ideale en selfs die volmaakte gebed genoem word." (PJ de Bruyn. 1977. Jou enigste troos) Om die gebed te bid is om presies te bid soos wat Jesus geleer het. Maar al ons gebede kan op die gebed gebou word. Al die elemente van die gebed wat so nodig is is in die gebed. Dit is die voorbeeld van hoe gebede moet wees. Altyd eers tot eer van God.

Ons gebede moet juis **ALTYD** begin met die eer van God wat voorop staan.

- Die eerste doel van die gebed is om God te verheerlik en te vereer.
- Dit is om God se Naam met eerbied op ons lippe te neem en te bely en te erken met **WIE** ons praat in die gebed.
- **Dawid bid in <u>Psalm 51:17</u> "Here, open my lippe, dat my m,ond u lof kan verkondig."**

**Ons Vader** dui daarop dat ons direk, persoonlik met God praat. Hy is nie 'n onpersoonlike God nie, Hy is Ons Vader, My Vader. Deur Hom so aan te spreek is "daar onmiddellik by die begin van ons gebed, in ons 'n kinderlike eerbied en vertroue op God."

- 'n Sekere wete dat God ons Vader is deur Jesus Christus se soenverdienste.
- 'n Sekerheid dat Hy niks van ons sal weier wat ons van Hom vra en bid in 'n opregte geloof, as wat Hy weet dat Hy nie aan ons wil gee nie.
- 'n Sekerheid dat Hy ons veel beter kan, sal en wil versorg as wat 'n aardse pa dit ooit kan doen.

Wat 'n heerlike vertroosting om tot God te bid met die woorde:
**"Ons Vader wat in die hemele is nie."**

- Ons Vader impliseer dat Hy met ons 'n verbond gesluit het.
- Ons Vader in die hemele is 'n belydenis dat Hy ver bo ons verhewe is, en tog intiem persoonlik by ons teenwoordig is.
- Ons Vader in die hemele is 'n belydenis dat ons nie aards van Hom kan of wil of moet dink nie, maar dat Hy vanuit die hemel, elke dag vir ons sorg.

**Amen** (ds. Gerrit Kruger. 0829645595)

## Mat 6:10-13

Onse Vader wat in die hemele is, laat u Naam geheilig word;
laat u koninkryk kom;
laat u wil geskied, soos in die hemel net so ook op die aarde;
gee ons vandag ons daaglikse brood;
en vergeef ons ons skulde, soos ons ook ons skuldenaars vergewe;
en lei ons nie in versoeking nie, maar verlos ons van die Bose.
Want aan U behoort die koninkryk en die krag en die heerlikheid tot in ewigheid.

**Amen.**